

19 November 2018

BESTE GRAAD 8 OUERS EN LEERDERS

GRAAD 8 KAMP

Hoërskool Fichardtpark bied topgehalte Christelike onderwys en opvoeding aan elke leerder. Die kamp het ten doel om u kind te help om deel van die skool te word, sy maats beter te leer ken, en om nader aan sy Skepper te kom. 'n Gebalanseerde kampprogram gaan aan hom/haar gebied word waar ons veral gaan fokus op lewenswaardes en spanbou. Verder gaan daar baie gespeel en gelag word. Moenie dat u kind die voorreg ontneem word om ten volle tot sy/haar potensiaal te ontwikkel nie.

Neem kennis van die volgende reëlings aangaande die Graad 8 kamp:

Wanneer:	Vrydag 11 Januarie 2019 tot Sondag 13 Januarie 2019.
Waar:	Retiefkampterrein net buite Bloemfontein.
Koste:	R430,00 U kan die kampgelde nou reeds betaal maar nie later as 10 Januarie 2019. Handig asseblief die aangehegte toestemmingsbrief saam met betaling in om administratiewe reëlings te vergemaklik.
Asseblief 	
Inbetaling by:	Mev Elizabeth Gouws (finansiële beampete).
Hoe laat vertrek:	Vrydagoggend 11 Januarie 2019 om ongeveer 10:00.
Terugkoms:	Sondagoggend 13 Januarie 2019 om ongeveer 11:30 terug by die skool.
Wat om saam te neem:	Klere: Ontspanningsdrag, gemaklike skoene, warm klere, hoed, swimklere en spanbou hempie. Eetgerei, toiletbenodigdhede (Sonbrand- en muskiet middel), Bybel (notaboekie en pen), flitslig, slaapsak, persoonlike medisyne. Bring 'n sakgeldjie, daar is 'n snoepie beskikbaar. Geen selfone nie asseblief.
Afsluitingsboodskap	Ouers word genooi om die afsluitingsboodskap, wat om 10:00 sal plaasvind, by te woon. U kind kan daarna ook saam met u verdaag.

Groete

**H van der Merwe
Skoolhoof**

**LE Prinsloo
Kamporganiseerder**



INSKRYWINGSVORM

Naam & Van:	
Graad en klas:	
Bedrag ingesluit:	

TOESTEMMINGSBRIEF : KAMP 11 tot 13 Januarie 2019

Ek/ons die ondergetekende/s

ouers/voogde van:

Verleen hiermee toestemming dat bogenoemde leerder die kamp/toer mag meemaak. Ek besef dat my kind onderworpe is aan billike reëls en voorwaardes wat vir die geleentheid gestel word en besef dat die maatreëls nodig is om gesonde dissipline sowel as die veiligheid van almal teenwoordig te bevorder.

Ek stel hiermee die gemagtigde verteenwoordiger van *die skool*, wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word aan, om namens en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem: (a) chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van bogemelde kind; en (b) die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde. Ek waarborg dat ekself die reg het om tot sodanige optrede in te stem. Ek onderneem om enige van die bogemelde koste op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om *die skool* en/of enige van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en te vrywaar van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word. Ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word.

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

MEDIESE SKEMA & NOMMER

DATUM

Sovér ons weet verkeer gemelde kind in goeie gesondheid. Ons sal egter bly wees indien op die volgende gelet sal word. (Meld enige swakheid/afwyking waaraan u kind ly, of enige spesiale aktiwiteite wat vermy moet word):

Woonadres van ouers: _____
Tel: _____ Sel: _____
Persoonlike selnommer van leerder (opsioneel): _____